Kraggakamma
Gemeente
Ons is God se fontein van liefde

**Skriflesing**: 1 Kor 3:9-21
**Tema:** Ons is God se gebou.

Korinte was ‘n hawestad waar ‘n mengelmoes van mense, kulture en godsdienste bymekaar gekom het. Baie mense in die stad het losbandig gelewe en dronkenskap was ’n alledaagse gesig.

Die inwoners van Korinte was hoofsaaklik Grieke, maar hier was ook ‘n groot groep Jode wat van Palestina afkomstig was, wat in die stad gewoon het. Die verskillende groepe mense bymekaar het gelei tot ’n mengelmoes godsdienste waarin onder andere verskeie afgode aanbid is.

In dié stad stig Paulus (±50 nC) die gemeente van Korinte tydens sy tweede sendingreis. Die lidmate was hoofsaaklik nie-Jode, maar ook Jode wat reeds in Jerusalem tot bekering gekom het. In die gemeente was gelowiges vanuit die laer, sowel as die hoër sosiale klasse, geleerdes en ongeskooldes. Na ’n bediening van bykans 18 maande, vertrek Paulus. Apollos volg hom in Korinte op as geestelike leier.

Later word aan Paulus vertel dat die gemeente in Korinte besig is om in groepe te verdeel op grond van verskillende predikers wat in gemeente gewerk het of steeds werk. Mense verdeel in groepe en volg dan een van die volgende gemeenteleiers:

- Apollos, as begaafde spreker, se bedieningstyl het hulle positief geïnspireer. Saam met hom was hulle opgewonde oor die evangelie én ook oor die gemeente se toekoms.
- Paulus se aanhangers het weer aanklank gevind by sy kalm en beredeneerde bedieningstyl en sy uitleg van die grondwaarhede. Miskien was dit omdat hulle heidense gelowiges was wat tot bekering gekom het en ’n behoefte aan die suiwer basiese waarhede van die evangelie gehad het.
- Sefas se aanhangers was hoofsaaklik afkomstig uit Palestina waar hulle tot geloof gekom het. Hulle hou vas aan sy bediening wat hulle herinner aan hul moederkerk in Palestina.
- En dan was daar ook die Christus groep. Ons is onseker wie hulle was. Hulle het baie klem geplaas op die gawe van spreek in tale en het daarom gedink dat hulle beter as die ander gelowiges in die gemeente is.

Hierdie geestelike klieks en groepvorming rondom gemeenteleiers, het ’n bedreiging vir die gemeente ingehou.

Gemeentelede het mekaar ook hof toe gesleep, die nagmaal misbruik en hul aan nog ‘n velerlei ander oortredinge skuldig gemaak. Paulus roep die gemeente op om hul

slimpraatjies, dwarstrekkery en kliekvorming te laat staan. Dit is misleidend en afbrekend, vernietig die onderlinge eenheid en onteer God.

Paulus herinner die gemeente en vir elkeen van ons in die gelese gedeelte dat die gemeente God se bouwerk is en dat hulle gebou is op die fondament , Jesus Christus.

**1. Ons is God se gemeente, gebou op die fondament Jesus Christus.**
Die fondament is die belangrikste deel van ‘n gebou. Vanaf ‘n fondament verrys die hele gebou. As daar fout is met die fondament, kraak die gebou.

God het die fondament van die gemeente gelê. Die fondament is Jesus Christus. Daar is geen ander fondament nie. Ons moet nie op mense nie, maar op die fondament Jesus Christus bou. Hy vergewe ons sonde. Hy is ons Verlosser. Ons moet op Hom fokus en nie op mense nie.
Paulus was ‘n baie geleerde man, tog verkondig Hy niemand anders as Jesus Christus nie. In 1 Kor 2:2 skryf hy: “Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.”

In die Bybel kry ons God se riglyne waarvolgens ons op Jesus Christus moet bou. Mag ook ons gemeente die belydenis van Kol 3:11 kan maak: “Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.”

Gebou op Jesus Christus is ons die gebou van God, tempel van die Heilige Gees en medewerkers in diens van God.

**1. Ons is die gebou van God.**
Ons lees in 1 Pet 2:4+5a: “Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,…”
Ons is ‘n ryke verskeidenheid van verskille mense met verskillende gawes wat aanmekaar gebind is deur die sement van God se liefde.

**2. Ons is ‘n tempel van die Heilige Gees.** (1 Kor 3:16, 1 Kor 6:19-20)
Van ons dink nog aan die kerkgebou as die Ou Testamentiese tempel. Ons dink God is hier teenwoordig en nie soseer in die wêreld daarbuite nie. Die tempel is nie meer ‘n gebou nie, ons is die tempel van die Heilige Gees. Ons is gevul met die Heilige Gees. En ons is heilig. Ons moet toelaat dat die Gees ons vorm en maak om heilig, met ander woorde al meer soos Jesus, te wees.

**3. Ons is medewerkers in sy bouwerk.**
Ons mag nie op ons eie insigte staatmaak nie. Ons moet bou met die Bybel in die hand en volgens die riglyne wat die Here daarin gee. Ons moet bou onder leiding van die Gees wat ons lei in die waarheid. Saam met ander bou ons op die Jesus as fondament. Ons moet bou op die beginsels wat Hyself geleef het. So is ons kerk.

Die verbeterings aan ons gebou is afgehandel. Ek sou baie lank kon praat oor waarmee medewerkers in diens van God hulle moet besig hou, maar drie van die dinge wat hier aan die gebou gedoen is, moet ook gebeur waar ons as kinders van die Here aan mekaar en aan die wêreld bou.
Ons moet mure tussen mense afbreek en nader aan mense kom.
Ons moet die wêreld vir mekaar 'n veilig plek maak om in te woon en ons moet die Here se stem laat hoor.
Ek moet soms hoor dat die NG Kerk sy stem verloor het. Dit kan onmoontlik waar wees.
Dit was vir my wonderlik dat 20 leiers van verskillende Christelike gemeentes die afgelope week in 'n gesamentlike skrywe hul stem laat hoor het oor die krisisse in ons plaaslike regering. Dit is deel van die stem van God.
Maar onthou, elkeen van ons is die kerk en die stem van die Here.

**Afsluiting**
Die kerk is nie 'n plek waarheen ek op 'n sondagoggend gaan nie. Elkeen van ons ís die kerk.
Gebou op die fondament van Jesus Christus is ons die gebou van God, tempel van die Heilige Gees en medewerkers in diens van God.
Amen

*MG van Rooyen*
*Predikant*
*Kraggakkamma Gemeente*

Kraggakamma
Gemeente
Ons is God se fontein van liefde